Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## SONDAG 19 OKTOBER 2025

| Eredienste | |
|---|---|
| **09:00 Erediens**<br>**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen<br>**Teks:** Genesis 6: 9 – 7:1 (1983 vertaling)<br>**Tema:** Lesse uit die lewe van Noag<br><br>**18:00 Aanddiens (Kleinkerk)**<br>**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen<br>**Teks:** Genesis 6: 9 – 7:1 (1983 vertaling)<br>**Tema:** Lesse uit die lewe van Noag<br><br>**19:00 Kerkraadsvergadering – Konsistorie**<br><br>**JEUG**<br><br>**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges) - Gemeentesentrum**<br>**Aanbieder:** Kayla<br>**Tema:** So groei ek<br><br>**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**<br>**Aanbieder:** Lisa Lombaard<br>**Tema:** Hoekom bid ons? (1 Tessalonisense 5:16-18; Jakobus 5:16; Jeremiah 29:11-12; Psalm 145:18)<br><br>**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**<br>**Aanbieder:** Lisa Lombaard<br>**Tema:** Hoekom bid ons? (1 Tessalonisense 5:16-18; Jakobus 5:16; Jeremiah 29:11-12; Psalm 145:18)<br><br>**10:00 TvC (Gr 8 -10) – Kerkgebou**<br>**Aanbieder:** Magdelie Erasmus<br>**Tema:** Gideon (oor my grens) – Rigters 6:11b - 15 | **DIE KOMENDE WEEK…**<br><br>**Dinsdag 21 Oktober**<br>**10:00** Aksie Olyftak - Kleinkerk<br><br>**Woensdag 22 Oktober**<br>**09:00 –** Bybelstudie (ds Leon) – Kleinkerk<br>**18:00 –** Mannegroep – Lokaal 2<br><br>**Donderdag 23 Oktober**<br>**08:45 –** Bybelstudie (ds Gerhard) – Kleinkerk<br>**14:00 –** Naaldwerkklasse – Lokaal 1 & 2<br><br>**SONDAG 26 OKTOBER**<br>**09:00 Erediens Nagmaal & Belydenisaflegging**<br><br>**Liturg:** Ds Gerhard Meyer<br><br>**18:00 Aanddiens - Kleinkerk**<br><br>**JEUG**<br><br>**09:00 Kleuterkerk – Lokaal 2**<br>**09:00 Kinderkerk – Kleinkerk**<br>**10:00 JOG – Kleinkerk**<br>**10:00 TvC – Kerkgebou**<br><br>**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Vennootskappe: Middestad- en Arbeidsbediening** |

## Lief en Leed

Herculine Bekker, Kambro, sterk by haar dogter aan na hospitalisasie.
Willie van der Merwe, Markplein is oorlede. Meegevoel aan sy vrou Kobie.
Charlotte Vermaas, C Louis Leipoldt, is in Medi Clinic.
**Verjaarsdae 80 en ouer:**
Alida Jansen van Rensburg, Chris Barnard singel, verjaar 21 Oktober (91)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

### LIDMAATSKAPBEWYSE ONTVANG

**Belydende lidmate:**
Gerhardus Renier Pretorius en Tersia Peens (nou Pretorius), Elias Motsoaledi, van Delmas-Wes.

### DOOP
**Sondag 2 November**

Ouers wat wil doop, registreer by die Kerkkantoor teen Maandag 27 Oktober. Kontak die kerkkantoor 051-4462225/ WhatsApp 065 964 0101 of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za

### OMGEE BLOMME

Blomme is beskikbaar, neem gerus een en gee dit vir iemand wat troos of omgee nodig het.



### AKSIE OLYFTAK
**Dinsdag 21 Oktober 10:00**

Kom maak van die dienste gebruik soos bloeddrukmeting, suiker toetsing en voetsorg. Kom kuier saam en geniet 'n lekker koppie tee. Indien u vervoer benodig, kontak die Kerkkantoor.

### PANNEKOEK VERKOPE

Saterdag 25 Oktober
by Pick 'n Pay Towers
Kom koop lekker vars gebakte pannekoek @ R5
Fondse t.b.v die Noodspens

### KERMIS INKOMSTE & VLEISVERKOPE

Die inkomste van die Kermis staan tans op R148 125.31.
Daar is nog maalvleis en wors te koop @ **R100p/kg** – na die diens by die Kerkkantoor.

### DANKBAARHEIDSMAAND

Oktober maand is Dankbaarheidsmaand.

As gemeente en huisgesin van God beleef ons daagliks ons Hemelse Vader se onvoorwaardelike liefde, goedheid en guns en daarom kan ons nie anders as om opnuut ons dankbaarheid teenoor Hom te betoon nie.

Bydraes vir Dankbaarheidsmaand kan deurlopend geskied deur middel van al die betalingsmetodes met die verwysing "Dankbaarheid".

**'n Spesiale "Dankbaarheids Sondag" sal in November gehou word. Die datum sal later bekend gemaak word.**

## LINTBORDUURWERK

Vandag is die laaste dag om ‘n aanbod te kom maak op hierdie pragtige handwerk stukke. Dit is op die nagmaaltafel asook die lys waarop jy jou aanbod kan skryf.



‘n Wegbreek-naweek van stilwees en tot rus kom by God se voete.

**Wanneer:** 31 Oktober - 2 November 2025

**Waar:** Menuha Game Lodge (20 km buite Bfn.)

**Koste:** R1600 per persoon

Verblyf vir 2 aande, alle etes met koffie, tee, sap en vrugte deurentyd beskikbaar.

**Deposito:** R400

Daar is slegs plek vir 22 persone.

Navrae en bespreking by
ds. Cobus Hamman (082 399 5288)

Dié van u wat gereeld die Retreat, wat deur ds Riaan Stander aangebied was, bygewoon het kan gerus hierdie geleentheid wat deur ds Cobus Hamman van ons buurtgemeente, Bainsvlei, aangebied word oorweeg. Afbetaling van die koste kan met hom gereël word.
**Alle navrae en besprekings moet by ds Cobus gedoen word.**

**BETROKKENHEID BY WERKGROEPE EN DIENSRADE**

**In reaksie op hierdie versoek het ons enkele persone gekry wat aangemeld het.**

**Indien jy nog nie jou naam opgegee het nie, kan jy dit vandag nog doen! ‘n Lys is op die Nagmaaltafel beskikbaar.**

## NB:- Ons benodig veral operateurs – indien jy belangstel neem vrymoedigheid om met die operateurs te gaan gesêls.

**FINANSIES WERKGROEP –** Die werkgroep benodig lede wat insette kan lewer tov die Gemeente se Finansies.

**NAGMAAL BEDIENING –** Hulp met voorbereiding van nagmaal of hulp met uitdeel van wyn en brood. Jou naam word op ‘n groep geplaas waar jy dan ‘n boodskap sal ontvang met die datum van die Nagmaal, waarop jy dan kan reageer.

**HULP MET TEESKINK (SONDAE) –** Indien jy nie deel is van die Omgeegroepe of Kerkraad nie en jy graag wil help met teeskink, gee jou naam by die Kerkkantoor op. Jy sal dan gekontak word, wanneer daar hulp benodig word.

**DIENSRAAD UITREIK – OPRUIM PROJEK**

Ons poog om die laaste Saterdag van elke maand mense van NG Kerk Afrika te kry wat kom help met die opruimprojek. Ds Gerhard neem die mense na die dele in Langenhovenpark waar hulle die vullis optel en in swart sakke plaas. Die grootste behoefte op hierdie stadium is om mense te kry, met ‘n bakkie, wat die sakke by die betrokke punte kan gaan optel en by die kerkterrein kom aflaai.

**KLANK- & DATA OPERATEURS**

Daar is 3 operateurs op ‘n Sondag nodig om die erediens so glad as moontlik te laat verloop. Indien jy graag betrokke wil raak nooi ons jou uit om op ‘n Sondag oggend by die operateurs in die kas te kom sit en te kyk hoe dit werk en vandaar ‘n besluit te maak. Verdere opleiding sal dan deur die operateurs verskaf word.